1939

PROEFPREEK

"Die Taak van die Christen van Vandag"

Joh. 20: 21

C.F.B.Naudé

**PROEFPREEK** **C.F.B.Naudé**

**Thema:** Die Taak van die Christen van Vandag.

**Skrif:** Johannes 6: 22-40
Johannes 20: 19-23

**Teks:** Johannes 20: 21, "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."

**Inleiding.**

'n Persoon se karakter - of sy gebrek aan karakter - word getoets in tye van krisis. In tye van krisis is dit dat iemand se diepste motiewe, sy eintlike dryfvere, sy ware gesindheid helder in die lig gestel word. Dán is dit dat iemand se innerlike krag - of sy gebrek daaraan - duidelik tot uiting kom. In sulke tye is dit dat 'n mens gedwing word om 'n beslissende keuse te doen - keuse wat die loop van jou hele verdere lewe beïnvloed.

In hierdie gedeelte (Joh. 6) het ons te doen met so 'n krisis - en 'n keuse, 'n krisis in die lewe van Christus wat 'n beslissende keuse genoodsaak het - 'n keuse wat sy taak op aarde vir Hom duideliker sou laat word.

Vir twee jaar is hy reeds besig om aan die Joodse volk te arbei - sonder enige vrug. Vir twee jaar is Hy besig om aan die groot massas te verduidelik wat die Koninkryk van God beteken - sonder dat hulle dit verstaan het of wou verstaan. In Sy brandende begeerte om aan hulle die boodskap van lewe en hoop te bring besluit Hy om Sy dissipels in klein groepies deur die hele land uit te stuur. Die vrug van hierdie sending kom hierin te voorskyn: Sy roem as wondergeneesheer, as 'n opkomende leier, sprei soos 'n veld-

brand deur die land. Van alle kante stroom mense na die buurtes waar Hy is. Veral die Zelote, die fanatieke Joodse vaderlanders sien in Hom die toekomstige heerser wat die juk van die Romeinse Ryk sal afwerp. Al waarop hulle wag, is die teken wat Hom as leier sal aandui. So meegevoer en oorweldig is hulle in hulle geesdrif dat die gedagte aan voedsel nooit by hulle opkom nie. Die gevolg? Christus voorsien in die tydelike behoeftes van die skare van 5000. By die aanskouing van hierdie wonderteken kan die massa hulleself nie meer in toom hou nie, en dwing hulle met geweld om Hom te kroon tot Koning van die Volk, die Leier wat die Joodse nasie van die magsgreep van die Romeinse Ryk sal verlos!

Skare.

En Christus, wat gaan Hy doen ? ~~En~~ "toe Jesus merk dat hulle wou kom en Hom met geweld neem om Hom Koning te maak het Hy weer weggegaan na die berg, Hy alleen".

Onder in die vlakte 'n skare van 5000 wat wag om Hom te kroon - bo op die berg Christus, Hy alleen. In die uur van krisis soek Hy die stilte om sy keuse te doen - en in die nag op die berg doen Hy dit. In sy gemeenskap met God, terwyl Hy luister na die stem van Sy Vader wat met Hom spreek - word dit vir Hom duidelik wat ~~om te~~ Hy moet doen. Reeds aan die begin van Sy loopbaan, in die woestyn, moes Hy 'n dergelike beslissing vel: aan die eenkant die aanloklike voorstel om met die magte tot sy beskikking, 'n Heerser van volkere te word - aan die anderkant die opdrag om die wil van God uit te voer. Toe het Hy gekies die wil van God. Ook nou staan Hy voor die probleem: aan die eenkant die maklike weg om beroemdheid te verwerf ......

Doen keuse.

Woestyn

naamlik deur te voorsien in die tydelike behoeftes van sy eie volksgenote - aan die anderkant die taak om in die geestelike behoeftes van alle mense te voorsien. Dus om te doen die wil van mense óf die wil van God.

As Hy afkom is Sy keuse gedoen: finaal. Met 'n versekerdheid en oortuiging wat deur ~~in~~ niks verbreek kan word nie, deel Hy aan die wagtende skare mee: "My Koninkryk is nie van hierdie wêreld nie". ~~en~~ "Want Ek het uit die hemel neergedaal nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."

En as Christus eers aan die einde van Sy lewensloopbaan gekom het, Sy taak vervul het, die wil van God in alles volbring het, deur Homself onvoorwaardelik te stel in diens van die hele Mensdom - so onvoorwaardelik dat dit Hom Sy dood gekos het - as Hy reeds op die punt staan om na Sy Vader terug te keer, gee Hy hierdie opdrag aan Sy dissipels en aan al Sy volgelinge:

"Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook" (Joh 20:21)

In hierdie bevel en in hierdie opdrag lê opgesluit die roeping van die navolgers van Christus, maw., die taak van die Christen van vandag.

Daarom is dit die moeite werd om ons gedagtes te konsentreer op die inhoud van hierdie woorde: Soos die Vader My gestuur het stuur Ek julle ook. Die teks sê vir ons twee heel eenvoudige dinge ~~feite~~:

I. Die Vader het Christus gestuur

II. Christus stuur ons.

**I. Die Vader stuur Christus.**

~~In~~ Die eerste feit wat doen ~~plek deel~~ die uitspraak ons mee dat deel is ~~dit~~ God, onse Vader, Christus na die aarde gestuur het. Om wat te

kom doen ? Daarop gee Christus self die antwoord met 'n sekerheid en 'n oortuiging wat alle teenspraak laat verstom: "Want Ek het uit die hemel neergedaal nie om My wil te doen nie, maar die wil VAN Hom wat My gestuur het."

Maw. Christus het gekom om ons duidelik te maak wat die wil van God is vir ons lewens, vir die lewe van ons volk en van die wêreld. Dit was Sy enigste roeping, Sy hoogste taak: die wil van God aan mense te openbaar. Voor Sy koms was die uitdrukking: die wil van God vir baie Jode 'n onduidelikheid, dit was iets vaags en sonder werklikheid. Met Christus se koms kry dit lewe en betekenis. Daarom ook was al die versoekinge wat Christus moes weerstaan die versoeking om af te wyk van die wil van God vir Sy lewe: (i) in die woestyn waar Hy moes kies tussen 'n leierskap van die wêreld of diensbaarheid aan God; (ii) die voeding van die 5000, waar Hy moes kies om óf die tydelike óf die geestelike welsyn van die mens te bevorder en (iii) in Gethsemane waar Hy moes kies om die werk van Sy lewe ongedaan te maak deur toe te gee aan die begeertes van mense óf om die kroon daarop te sit - deur Sy dood.

Elke keer kies Hy die swaarste weg: die wil van God, en vervul Hy daardeur Sy roeping nl. om as verlosser van die hele mensdom op te tree en ons deur Sy lewe te leer wat daardie wil vir ons lewens is en ons ook die krag daartoe gee om die wil uit te voer. Daarom stel Hy ons ook as taak die uitlewing van die

waarhede soos God die Vader , dit deur Christus self aan ons duidelik gemaak het: liefde tot ons medemens, 'n gesindheid van verdraagsaamheid, barmhartigheid, en hulpvaardigheid teenoor alle mense en gee Hy ons ook die krag deur Sy dood om dit uit te voer.

"'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê." "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is as julle liefde ondermekaar het". "Maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin". "Dra mekaar se laste en vervul so die gebod van Christus". "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook".

I. Die Vader het Christus na ons (I) gestuur en nou:

## II. Christus stuur ons.

Christus stuur ons na ander met dieselfde opdrag as Hy ontvang het: om die wil van God te doen. Hierdie opdrag is vir ons duidelik. Maar wat vir ons nie duidelik is nie is: Hoe stuur Christus ons ? Hoe moet ons agterkom wat Sy taak vir ons lewens is ? Maw. die vraag is nie meer, Wat is die wil van God nie maar wel, (1) Hoe kan ons dit leer ken ? (2) En hoe kan ons dit toepas ? Laat ons die eerste vraag neem:

### (1) Hoe leer ons die wil van God ken ?

Bergklimmers.

Die onoplettende bergklimmer leer nooit die paadjie na die top van die berg ken nie omdat hy nie sy aandag daaraan gee nie. Die oplettende klimmer weet egter dat daar baie maniere is om die paadlie na die kruin te vind: bakens langs die pad,

die mees uitgetrapte voetpad, ouwmaakplekke. Met bereidwilligheid en geduld leer hy sy weg vind.

So ook is daar baie maniere om die wil van God te leer ken as ons net bereidwillig - en geduldig genoeg - is om dit te leer.

(3) Van hulle is die vernaamste:

Woord (i) Die Woord van God omdat dit vir ons die hele doel van Christus se lewe en strewe op aarde verklaar: Sy taak en strewe. Uit Sy lewe Sy metodes, Sy voorbeeld, Sy hele gesindheid leer ons die wil van God ken.

Omste [(ii) Deur ons omstandighede:] Maar dis nie al nie: ons lewe en werk in die twintigste eeu: elke dag gebeur daar dinge met ons - die een se lewe word in dié rigting gestuur, die ander in daardie So het daar met Christus ook elke dag dinge gebeur en moes Hy ook elke dag beslissings vel. En omdat alle omstandighede vir Hom betekenis gehad het, het Hy hulle gebruik om Sy Vader se wil te leer ken. Op dieselfde manier word ons lewens baie meer doelbewus wanneer ons die saak so insien.

Gewete (iii) Deur ons Gewete: Dis nog , manier waarop ons die wil van God kan leer ken omdat God die gewete van die mens kan gebruik om hom duidelik te maak wat reg en wat verkeerd is. Dit wil nie sê dat 'n mens se gewete onfeilbaar is nie, maar dit neem nie weg dat hierdie stem in die mens se benneste 'n baie goeie hulpmiddel is om God beter te leer ken.

Maar al hierdie middels het ons nognie na die kern van die saak gebring nie. Die kruin van die berg is amper bereik - maar nognie heeltemal nie. Hoekom nie ? Omdat ons

Sluit uit jou gewone gedagtes

Neem tyd [hy in die môre] om jou in aan te dink in die gesindheid van Xtus en dit jou eie te maak in die dag. ~~Om~~. So sal mettertyd die gesindheid deel word van ons hele krag gegaandheid lewe. Tyd te maak in die

Kaas om dag te oordink en sy gesindheid jou eie te maak in die dag

Gebede uitblekende hulpmiddel

(X) Vir ons beteken luister na die stem van God dat ons tyd sal maak deur middel van die kraige gegaandheid + haas van ons lewe. — om dit by voorkeur in die môre — om onsself so in te dink in die gesindheid van Xtus dat ons ~~instaat sal wees om~~ daardie gesindheid geheelenal ons eie te maak vir die dag. m.a.w. Meditasie, ~~oordenking~~. So wat ons stiltyd kan word en behoort te wees ~~is~~ nie net die lees van 'n paar verse en die prewel van 'n kort gebed nie allen dan wanneer ons ons absoluut indink en inleef in die gesindheid van Xtus — allen dan kan ons stiltyd ~~gebed~~ ook 'n werklike krag word vir elke dag.

(3)

nognie ~~sien waar~~ die groot baken ~~staan~~ nie. In die grond van die saak is daar een manier waarop die wil van God vir ons duidelik word en dis deur direk te luister na ~~die x~~ God, na Sy Stem wanneer Hy met ons spreek ~~deur ons gedagtes rigting te gee~~. Vir baie van ons klink so iets byna onmoontlik en tog vir die profete van die Ou Testament, vir Christus en vir Sy volgelinge was dit die natuurlikste ding op aarde - om te luister na die stem van God sodat Hy Sy wil aan hulle kon openbaar. Hierdeur het God dan ook doel gegee aan hulle lewens en an die lewe van hulle volk. En so moet dit vir ons word, omdat eers dan wanneer ons God toelaat om met ons te spreek (i) kry Christus se lewe vir ons betekenis (ii) word ons ~~eie~~ lewens meer doelbewus en (iii) help ons gewetes on s om beter te kan onderskei tussen Goed en Kwaad.

(2) Hoe kan ons Gods wil toepas ?

Ons het gesien Christus stuur ons, maar om as goeie volgelinge ons taak te vervul moet ons eers Gods wil leer ken en dan dit toepas. In afsluiting dus nou die vraag:

Hoe kan ons Gods wil toepas?

Die groot beswaar wat die wêreld ~~kean~~ vandag teen die Christendom het, is dit:

In die Christendom ~~van vandag~~ is daar te veel idealisme en te min uitlewing, te veel teorie en te min praktyk. Aan die eenkant staan geestesstrominge soos die Nasionaal-Sosialisme en die Kommunisme met 'n idealisme wat één is met die werklikheid, met 'n geloof wat hom elke dag in dade omsit: mense wat weet wat hul wil en waarom hulle dit wil - en daarin lê hulle krag: hulle is

roepingsbewus.

Aan die anderkant staan die Christendom met 'n idealisme wat skyn of dit vervaag het tot 'n yle droom, 'n geestesstroming met 'n geloof wat wyfel en wankel: mense wat onseker is van wat hulle wil en hoekom hulle dit wil - en daarin lê ons swakheid, ons Xtene is ons roeping kwyt. Ons het die verband tussen ~~die~~ idealisme en realisme, tussen ons geloof en ons werke, tussen ons teorieë en die praktyk verloor. Ons het, ja - maar Christus het nie. Vir Hom was idealisme en realisme een, alles wat Hy geglo en bely het, het ~~kyk~~ Hy toegepas - en daarom het mense in Hom geglo .... ... en glo hulle nie meer in ons nie. Ons het die baken op die berg misgestap - ons dwaal.

Baken misgestap - ons dwaal

Maar hoe kan ons weer die paadjie kry ? Hoe kan ons weer die verbinding kry tussen die lewe van Christus en die praktyk van ons lewe met al sy probleme en moeilikhede ? Het die Christendom nog 'n boodskap ? Stuur Christus nog Sy boodskappe uit aan ons of nie ? Lê die fout nie miskien by die opvang van daardie boodskappe, dat ons verkeerd ingestel is nie ?

N.B.

Wel, wat gaan ons doen ? Christus wys ons die weg: deur elke dag op alle gebiede van ons lewens met bewustheid en getrouheid en eerlikheid toe te pas wat God aan ons as Sy wil openbaar - soos Xtus self dit gedoen het. Vir baie dinge kan ons bang wees, maar vir een ding hoef ons nie bang te wees nie: dat ons nie sal weet waar om te begin nie. God sal ons gou genoeg

aantoon wat ons werk is, en waar ons moet begin.

Nee, dit sal nie ons moeilikheid wees nie maar baie eerder ~~na~~ die ander uiterste: dat die taak te swaar sal wees. Christus se woorde: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy sy Kruis elke dag opneem en My volg", was nog nooit so waar as vir ons lewe en vir die wêreld van vandag nie. Vir Christus het die opneem van die kruis beteken dat Hy moes sterwe om ons die weg te wys - vir ons beteken die opneem van die kruis dat ons moet lewe soos Hy geleef het om aan ander die weg te wys. Vir baie van ons sal dié taak meebring dat ons in ons eie lewens foute en misstappe, verkeerde verhoudinge en gesindhede van die verlede sal moet gaan regmaak: eers met God en dan met diegene teenoor wie ons 'n verkeerde gesindheid gehad het, en teenoor wie ons verkeerd opgetree het. Maw. die proses van opruiming van die agterbuurtes van ons lewes onder leiding van God.

N.B.
Stadig
(1)
Agterbuurtes

(2) Vir baie ander van ons sal dit meebring dat ons ons verhoudinge teenoor ons mans- en meisiemaats op 'n gans ander basis sal moet inrig, dat ons nuwe en vrugbaardervriendskappe sal moet opbou op 'n nuwe basis van meer aandag aan hulle wy, meer saam met hulle al hulle moeilikhede deel - al sou ons ook niks daarvoor in ruil kry nie. Kapitaal belê - sonder rente.

Kapitaal

(3) Of God sal aan ons toon soos Hy gedoen het aan ~~Daar is gevalle van~~ studente en dosente die hele land oor - ook hier ~~in Stellenbosch~~ - wat begin besef dat hulle taak as Christene is om in die studierigting waarin hulle opgaan - ekonomie, handel, opvoedkunde, of sosiologie ens - te soek na die oplossing van die ekonomiese, opvoedkundige & rasseprobleme ~~die probleme in daardie aspekte van die lewe~~ in die

Studie

gees van Christus en deur ~~te soek na~~ die praktiese toepassing van Christus se beginsels in daardie sfere van hulle werk.

En so het God vir elkeen van ons Sy taak - mits ons bereid is om dit te aanvaar.

Taak nie maklik:

Moenie dat ons dink dat hierdie taak gaan maklik wees nie, dit sal meebring 'n aanhoudende opoffering van onsself, al ons tyd, al ons talente in diens van ons medemense soos God ons sal lei. Maar laat ons wegkom eens en vir altyd van die verkeerde idee dat die taak van die Christen, die doen van Gods wil, dat dit veronderstel dat ons al ons plesier sal moet opgee, dat ons sekere vasgestelde reëls en formules sal moet gehoorsaam, dat ons net sekere afgebakende paadjies sal kan loop. Die taak van die Christen kan nog nooit in sulke eng vorms gegiet word nie: dis nie stelsel, 'n stel reëls van bevele en verbiedinge nie: ons taak is om soos Christus die lewe te aanvaar met al sy swakhede en gebreke, dit om te skep tot iets groots en heiligs, om God toe te laat om ons lewens om te bou tot monumente van waarheid, skoonheid en goedheid. Uit onsself onmoontlik: Xtus gee ons krag soos Hy aan Sy volgelinge die eeue deur gegee het

enkele arbei: Klein plasies Lae salarisse ens.

My vriende dit is ons taak - die taak van die Christen van vandag: aanvaarding van ons eie lewes, die lewens van ons volksgenote en die lewes van ons medemense soos dit is - met al sy swakhede en tekortkominge; en 'n omskepping van ons lewes soos God wil hê dit moet wees. Daar is geen groter taak, geen hoër strewe. Die rigting waarin ons opgaan is geen struikelblok - dis juis in en deur daardie rigting dat God Sy taak in ons lewes wil vervul.

Stadig

Moeilike & gevaarlike bergtogte wat wag om onderneem te word.

Dié taak van die Christen is die taak van die jeug. Op alle gebiede van ons eie lewes en van die lewe van ons volk lê probleme en wag op oplossing - ~~berge wat wag om beklim te word~~. Christus het die oplossing, Christus is die oplossing, en Hy is ons gids: sal dit nie die moeite werd wees om in te val en saam te klim - na die Baken Bo?

AMEN